# Jamestown sy karakter kwyt?

**Danie Keet** 190620

**Die ontwikkeling van drie erwe langs Le Clemence in Webersvalleiweg, Jamestown, het inwoners van Jamestown bekommerd.**

TV3-ontwikkelaars het pas by die Stellenbosch-munisipaliteit aansoek gedoen vir die konsolidering en hersonering van die erwe om dit vir residensiële gebruik te hersoneer.

Die maatskappy beplan om altesaam 55 wooneenhede vir groepsbehuising op die erf op te rig. Woonstelle word ook op die erf beplan, terwyl voorsiening vir oop ruimtes, 'n retensiedam, interne private paaie en parkeerplekke gemaak word.

Aansoek is ook gedoen vir die verslapping van straat- en boulyne om die bouwerk van die ontwikkeling te vergemaklik.

Die skepping van 'n huiseienaarsvereniging vorm deel van die aansoek.

Die nuwe ontwikkeling, wat as Blaauwklip-aan-Rivier bekend sal staan, sal ná goedkeuring deur die munisipaliteit en 'n openbare deelnameproses deur die eienaar onderneem kan word.

Volgens Crisben February, 'n inwoner van Jamestown en voorsitter van die Jamestown-erfeniskomitee, gaan die ontwikkeling van die erwe die landelike karakter van Jamestown blywend verander.

"Dit is 'n saak wat die bestaande handvol aktiewe kleinboere asook die breër Jamestown-gemeenskap in die lang termyn negatief kan raak wat belasting, toekomstige soortgelyke ontwikkeling en onderverdeling van grond wat tans as landbousone geregistreer is, betref.

"Hierdie ontwikkeling gaan sonder twyfel verdere platforms skep vir toekomstige ontwikkeling en hersonering aan ontwikkelaars en erfhouers wat 'n negatiewe impak op ons as oorblywende kleinboere van die Jamestown-gemeenskap kan hê," was February se besorgdheid.

*TV3 het teen druktyd nog nie kommentaar oor besonderhede oor die ontwikkeling gelewer nie.*